



**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
BYBELKENNISEKSAMEN – 2019**

GRAAD 4 – VRAESTEL

BESTEK	
Ou Testament	Génesis 11:1-9;12:1-20
Nuwe Testament	Matthéüs 8
Les	Les 1-9

AFDELING A: Génesis 11:1-9;12:1-20

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Hoeveel verskillende tale was daar op die aarde? (Gen 11:1)
a) Baie b) Een c) Min d) Sewe Honderd
- 1.2 Wat het hulle gemaak om mee te bou? (Gen 11:3)
a) Strooi b) Hout planke c) stene d) glas
- 1.3 Hoe hoog wou hulle die toring bou? (Gen 11:4)
a) tot in die hemel b) 3 meter c) baie hoog d) 20 verdiepings hoog
- 1.4 Wat was die naam van die stad wat hulle begin bou het? (Gen 11:9)
a) Sigem b) Jerigo c) Damaskus d) Babel
- 1.5 Hoekom het hulle opgehou om die stad te bou? (Gen 11:7)
a) Die Here het hulle taal verwar b) Die bakstene het opgeraak
b) c) Hulle was te lui d) Die krag het af gegaan

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

Sarai, altaar, land, nageslag, suster

- 2.1 Abram moes trek na die _____A_____ wat die Here hom sou wys. (Gen 12:1)
- 2.2 Abram se vrou se naam was _____B_____. (Gen. 12:5)
- 2.3 Daarop verskyn die HERE aan Abram en sê: Aan jou _____C_____ sal Ek hierdie land gee.(Gen. 12:7)
- 2.4 Toe bou hy daar 'n _____D_____ vir die HERE wat aan hom verskyn het. (Gen. 12:7)
- 2.5 In Egipte moes Sara maak asof sy Abram se _____E_____ was. (Gen. 12:13).

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is.

Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 3.1 By Babel wou die mense op die aarde 'n groot piramiede bou. (Gen. 11:4)

- 3.2 Toe daal die HERE neer om die stad en die toring te besien waaraan die mensekinders gebou het. (Gen. 11:5)
- 3.3 Toe sien die Here dat hulle almal net een volk en een taal het. (Gen. 11:6)
- 3.4 Toe stuur die Here 'n groot vloed oor die hele aarde. (Gen 11:7)
- 3.5 Toe verwar die Here die taal van die hele aarde. (Gen 11:9)
- 3.6 Lot was Abram se neef. (Gen 12:5)
- 3.7 Abram was dertig jaar oud toe hy getrek het uit Haran. (Gen 12:4)
- 3.8 En Abram het deur die land getrek na die plek Sigem, tot by die terpentynboom More. (Gen 12:6)
- 3.9 En daar was hongersnood in die land, sodat Abram na Egipte afgetrek het (Gen 12:10)
- 3.10 Sara het vir die Egiptenare gesê dat sy Abram se vrou is. (Gen 12:13)

20 Punte

AFDELING B: Matthéüs 8

Vraag 4 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 4.1 En toe Hy van die _____ afkom, het groot menigtes Hom gevolg (Matt. 8:1)
a) berg b) boom c) dak d) boot
- 4.2 Voltooi: En daar het 'n _____ man gekom en voor Hom neergeval en gesê: Here, as U wil, kan U my reinig. (Matt 8:2)
a) siek b) blinde c) verlamde d) melaatse
- 4.3 Voltooi: En nadat Jesus in Kapérnaüm ingegaan het, kom daar 'n _____ na Hom toe en smee Hom (Matt. 8:5)
a) hoofman oor honderd b) Samaritaan c) kaptein d) vrou
- 4.4 En toe Jesus in die huis van Petrus kom, sien Hy sy skoonmoeder siek lê met _____. (Matt. 8:14)
a) kanker b) koors c) melaatsheid d) longontsteking
- 4.5 En Hy het haar _____ aangeraak, en sy het gesond geword. (Matt 8:15)
a) voet b) kop c) hand d) skouer

Vraag 5 Voltooi die volgende sinne en vul die antwoord op die antwoordstel in:

hoof, jakkalse, skuit, neste, storm

- 5.1 En Jesus sê vir hom: Die _____ A _____ het gate. (Matt. 8:20)
- 5.2 en die voëls van die hemel _____ B _____. (Mtt 8:20)
- 5.3 maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy _____ C _____ kan neerlê nie. (Matt 8:20)
- 5.4 En toe Hy in die _____ D _____ klim, het sy dissipels Hom gevolg. (Matt 8:23)
- 5.5 En daar het 'n groot _____ E _____ op die see gekom. (Matt 8:24)

Vraag 6 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 6.1 En daar het 'n groot storm op die see gekom, sodat die skuit toe was onder die golwe; maar Hy was aan die slaap. (Matt. 8:24)
- 6.2 Daarop kom sy dissipels en maak Hom wakker en sê: Here, red ons, ons vergaan! (Matt. 8:25)
- 6.3 Jesus was bly omdat die dissipels se geloof so sterk was. (Matt. 8:26)
- 6.4 Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het 'n groot stilte gekom. (Matt. 8:26)
- 6.5 Die dissipels was glad nie verbaas nie, hulle was al gewoond aan al die wonderwerke (Matt. 8:27)
- 6.6 En toe Hy aan die oorkant kom, in die land van die Gergeséners, het twee duivelbesetenes Hom ontmoet. (Matt. 8:28,)
- 6.7 Hulle was baie vriendelik en was bly omdat Jesus gekom het. (Matt. 8:28,29)
- 6.8 En ver van hulle af het 'n groot trop springbokke gewei. (Matt. 8:30)
- 6.9 En die duiwels het Hom gesmeek en gesê: As U ons uitdryf, laat ons toe om in die trop varke te vaar. (Matt 8:31)
- 6.10 En Hy sê vir hulle: Gaan! en daar storm die hele trop varke van die krans af die see in en kom in die water om. (Matt. 8:32)

20 Punte

AFDELING C: Les 1-9

Vraag 7 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Aäron het die Israeliete uit Egipte gelei. (Les 1)
- 7.2 Die beloofde land se naam was Kanaän. (Les 1)
- 7.3 Die Here het Gideon en 300 manne gekies om die volk te verlos. (Les 2)
- 7.4 Gideon het Israel verlos uit die hand van die Egiptenare. (Les 3)
- 7.5 Rut was 'n Moabitiese vrou. (Les 4)

Vraag 8 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 8.1 _____ het twee slegte seuns gehad. (Les 5)
- 8.2 _____ was die moeder van Samuel. (Les 6)
- 8.3 _____ was die eerste koning van Israel. (Les 7)
- 8.4 Dawid en _____ het groot vriende geword wat aan mekaar trou gesweer het. (Les 8)
- 8.5 _____ was die vrou van Uria. (Les 9)

10 Punte

Totaal: 50 Punte